

# Memorandum: Voorbeeld van 'n toets

---

## Afdeling A: Begripslees

Leerders gebruik die advertensie oor Witrivier drukkers en beantwoord die vrae.

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Van watter moeilikheid is daar sprake in die openingsin? (1)

**Dit handel oor drukwerk wat moontlik nie betyds afgehandel is nie. (1)**

2. 'n Klompie uitdrukkinge word gebruik om die drukkers se vernuf aan te dui. Kies enige een van die volgende en gee die verklaring daarvan: (1)

**Enige een van die volgende:**

- 2.1 Moenie ou koeie uit die sloot grawe nie.

**Moenie dit wat verby is weer ophaal nie.**

- 2.2 Moenie die bobbejaan agter die berg gaan haal nie.

**Moenie moeilikhede vooruitloop nie.**

- 2.3 Pak die bul by die horings

**Pak iets moeiliks met ywer / flink aan. (1)**

3. Wat beteken dit *om met die deur in die huis te val* (1)

**Begin dadelik met die vernaamste punt. (1)**

4. Wat word in hierdie advertensie gebruik om die inhoud van die teks te ondersteun? (1)

**Daar is verskeie prente / foto's gebruik. (1)**

5. *En siedaar! – Al jou drukkersprobleme het soos mis voor die son verdwyn!* Watter gevoel word deur die tussenwerpsel gee? (1)

**Verligting / opgewondenheid. (1)**

6. Nadat daar opgenoem word wat die drukkers alles druk, is daar 'n leestekengesiggie met bypassende woorde. Wat wil die leestekengesiggie te kenne gee? (1)

**Dit word somer speels bedoel, want die gesiggie knipoog. (1)**

[6]

EN

Leerders gebruik die teks *Olifante se "praat" kan dowes help* deur Liezel Joubert (geneem uit *Beeld*, 2 Julie 2007) en beantwoord die gestelde vrae.

### Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarom word die woord *praat* tussen aanhalingstekens geplaas in die titel? (1)

**Die woord *praat* word buite konteks gebruik. Olifante kan nie praat nie.**

**Daarom word dié woord in aanhalingstekens geskryf. (1)**

2. Verduidelik wat met die woord *koukus* in die titel bedoel word. (1)

**Die woord *koukus* beteken om vertroulike inligting / goed / sake te bespreek. (1)**

3. Bestudeer paragraaf 1 noukeurig. Word *voetjie-voetjie speel* letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord. (2)

**Die woorde *voetjie-voetjie speel* word figuurlik bedoel. (1) Hulle kommunikeer d.m.v. vibrasies en speel dus nie werklik voetjie-voetjie nie. (1) (2)**

4. Skryf neer of die volgende sinne feite of menings is.
- 4.1 Prof. Wouter van Hoven, waarnemende direkteur van die sentrum van natuurbeheer aan die Universiteit van Pretoria, het gesê hy glo dit kan te doen hê met verskillende dialekte wat olifante in isolasie aangeleer het. (1)
- Dit is 'n mening. Die woord *glo* dui daarop. (1)**
- 4.2 Dr. Conrad Brain, 'n navorser en veearts van Namibië, doen ook navorsing oor olifante en het gesê O'Connell-Rodwell, wat van haar navorsing in Namibië gedoen het, het hul studie-kamp gebruik. (1)
- Dit is 'n feit. (1)**
5. Vergelyk dr. Caitlin O'Connell-Rodwell se siening met die van dr. Conrad Brain ten opsigte van die manier waarop olifante kommunikeer.
- 5.1 Waaroor stem hulle saam? (1)
- Hulle stem saam dat olifante met mekaar kan kommunikeer. (1)**
- 5.2 Waarin verskil hulle sienings? (2)
- Dr. Caitlin O'Connell-Rodwell glo dat olifante deur vibrasies in die grond kommunikeer. (1)**
- Dr. Conrad Brain glo dat hulle kommunikeer deur infrasoniese seine wat hulle deur die lug stuur. (1)**
6. Wat is die verband tussen paragraaf 5 en paragraaf 6? Kies een van die volgende: (1)
- 6.1 Die paragrawe is aanvullend en ondersteunend. **Korrekte antwoord. (1)**
- 6.2 Die paragrawe is teenstellend en kontrasterend.
- 6.3 Die paragrawe het geen verband nie.
7. Verduidelik met behulp van 'n voorbeeld wat 'n *dialek* (par. 6) is. (2)
- 'n Dialek is 'n taal wat voorkom in 'n spesifieke streek. (1) Enige voorbeeld van 'n dialek: Namakwalandse, Kaapse, Bolandse, Richtersveld, Noordelike ens. Afrikaans. (1) (2)**
8. Watter 2 beroepe kombineer dr. Conrad Brain? (2)
- Hy is 'n navorser (1) en 'n veearts (1). (2)**
9. Wat is die aard van hierdie teks? Kies een van die volgende: (2)
- 9.1 humoristies informatief
- 9.2 wetenskaplik informatief **Korrekte antwoord (2)**
- 9.3 verhalend informatief.
10. Haal 'n woord uit die teks wat dieselfde beteken as...
- 10.1 trillings (1)
- Vibrasies (paragraaf 4) (1)**
- 10.2 afsondering. (1)
- Isolasie (paragraaf 6) (1)**
11. Watter geluid maak 'n olifant? (1)
- Trompetter. (1)**

## Afdeling B: Taalstrukture en -konvensies

Leerders gebruik die teks *Wat ruik so?* deur Fanie Viljoen geneem uit *Hoezit*, Julie 2011 en beantwoord die gestelde vrae.

### Vrae en voorgestelde antwoorde

- Die woord *reuk* (paragraaf 3) is deur klinkerwisseling gevorm. Gee die oorspronklike woord waaruit hierdie woord gevorm is in die volgende sin: Die koffie (reuk) lekker. (1)  
**Ruik. (1)**
- Die woord *onsigbaar* (paragraaf 3) se betekenis kan afgelei word deur die woorddele te ontsyfer.
  - 2.1 Wat beteken die voorvoegsel *on-*? (1)  
**Nie. (1)**
  - 2.2 Van watter woord is *sig* deur klinkerwisseling afgelei? (1)  
**Sien. (1)**
  - 2.3 Wat beteken hierdie woord? (1)  
**Iets wat 'n mens nie kan sien nie. (1)**
- Haal 'n woord uit paragraaf 7 aan wat dieselfde beteken as *klein formaat*? (1)  
**Miniatuur. (1)**
- Hoekom word die woord *goggas* (paragraaf 7) nie in die meervoud met 'n afkappingsteken gespel nie, maar die woord *karba's* wel? (1)  
**Die a van die woord goggas is nie beklemtoon nie, maar karba's wel. (1)**
- Die woord *vas* kom in paragraaf 7 voor. Gee die oortreffende trap van hierdie woord in die volgende sin: Die tou om my lyf was vas, maar Kobus s'n was die (vas). (1)  
**Vasste. (1)**
- Die woord *lug* kom in paragraaf 7 voor. Kies die korrekte woord tussen hakies: Die meisie (lig / lug) haar mening oor die stink reuk. (1)  
**Lug. (1)**
- Haal 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 9 aan. (1)  
**Afbons. (1)**
- Skryf die enkelvoud van die woord *riwwe* (paragraaf 9) neer. (1)  
**Rif. (1)**
- Skryf die volgende woorde geneem uit paragraaf 9 oor en onderstreep die diftonge wat daarin voorkom: klein, slootjies, neusholte. Dui ook aan as daar nie 'n diftong in die woord voorkom nie. (3)  
**Klein, slootjies (uitgespreek as slooikies), neusholte (geen diftong nie). (3)**
- Die woord *boontoe* (paragraaf 10) word vas geskryf. Skryf die volgende sin oor en korrigeer ten opsigte van die los- en vasskryf van woorde: Hy het huistoe gehardloop, want sy pa het gesê dat sy hond oppad soon toe was. Onderstreep die woorde wat jy reggemaak het. (3)  
**Hy het huis toe gehardloop, want sy pa het gesê dat sy hond op pad soontoe was. (3)**
- Die woord *posseël* word met 'n deelteken gespel om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en plaas deelttekens op waar nodig: beïnvloed, dieet. (2)  
**Beïnvloed, dieet (geen deelteken nie). (2)**

12. Watter betekenisverandering sal die woord *dryf* (paragraaf 10) ondergaan as dit oorrond uitgespreek word? (1)

**Dit sal dan *druif* wees wat na 'n seker vrug verwys. (1)**

13. Die woord *grootte* kom in paragraaf 10 voor. Onderskei deur kort sinnetjies tussen *grootte* en *grote*. (2)

**Die grootte van my skoen is 'n nommer 5. Die ou grote het weggekom toe ons gaan vis vang het. (2)**

14. Die woorde *slot* en *sleutel* kom in paragraaf 12 voor. Van watter woord is albei hierdie woorde deur klinkerwisseling afgelei? (1)

**Sluit. (1)**

[22]

EN

Leerders gebruik die teks 'n *Ware wolhaarstorie* (geneem uit *Huisgenoot*, 28 Augustus 1997) en beantwoord die gestelde vrae.

**Vrae en voorgestelde antwoorde**

15. Benoem die klankverskynsel wat in die volgende woorde voorkom:

15.1 mens (paragraaf 1) (1)

**Nasalering en vokalisering. (1)**

15.2 ander (paragraaf 3) uitgespreek as anner (1)

**Algehele assimilasie. (1)**

16. Verduidelik hoe vokaalreduksie die uitspraak van die woord *vandag* (paragraaf 4) beïnvloed. (1)

**Die woord sal dan as *vindag* uitgespreek word. (1)**

17. Skryf die teenoorgestelde van die woord *ingesluit* (paragraaf 2) neer. (1)

**Uitgesluit. (1)**

18. Skryf eers die woord *hitte* (paragraaf 3) se klankgrepe en daarna die lettergrepe van dié woord neer. (2)

**Klankgrepe: hi –(t)te. (1)**

**Lettergrepe: hit – te. (1)**

19. Die woord *isolasie* (paragraaf 4) is van toepassing.

19.1 Vorm 'n werkwoord van hierdie woord in die volgende sin: Jy moet wol gebruik om die hitte te (isolasie). (1)

**Isoleer. (1)**

19.2 Skryf die woord *isolasie* oor en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra. (1)

**Isolasie (1)**

[8]

**Totaal: 30 punte**

**Groottotaal: 55 punte**